# SO LYK 'N EGTE 'ELITE'-SKOOL

Met goedkeuring oorgeneem uit Pieter Spaarwater se rubriek Van Alle Kante, *Die Burger*, 15.10.1994, p. 14.

**SKOOLWERK is lékker.** Maar dan moet jy in die regte skool wees met die regte onderwysers. Soos die Hoërskool Zwartberg op Prins Albert.

Die kinders, onderwysers en onderwyseresse en die skool het ek nog nie met 'n oog gesien nie. Van hul werk wel, en dit vertel die hele storie.

Dr. Dan Sleigh, hoof van die Onderwyssentrum, het Zwartberg se standerd sesse en sewes se geskiedenisprojekte kom wys. Dit was op 'n tentoonstelling waar die werk van 400 leerlinge van 80 skole in die Wes-Kaap te sien was.

Voortreflik! Eintlik verdien dit twee uitroeptekens. Elke werkstuk is prakties en tersake. 'n Paar het ook net 'n bietjie redigeerwerk nodig voordat dit gepubliseer kan word. Standerd sesse en sewes!

Binne 'n algemene opdrag kon elke leerling sy of haar onderwerp kies. Dis jammer daar kan nie oor almal geskryf word nie, daarom is net 'n paar uit die bondel getrek. Soos Daleen Theron s'n oor Alberts Meule, 'n watermeul wat in 1850 op Prins Albert gebou is.

Jy kry alles in dié werkstuk. Toe Prins Albert in 1842 gestig is, was daar reeds 'n klein watermeul. Dit is deur 'n H.J. Botes vervang met 'n groter een.

In 1865 verkoop ene Muller die meul aan N.A. Alberts, en dit het in die familie gebly - en koring gemaal - tot in 1973. Die verklaring tot 'n nasionale gedenkwaardigheid, die restourasie en heringebruikneming. Die werking van verskillende soorte watermeulens. Alles daar.

Vol ou oordragdokumente, stokou en splinternuwe foto's. Selfs 'n meelsakkie van Alberts Meule.

Gisela Mynhard het die geskiedenis van 'n pragtige Victoriaanse huis op Prins Albert opgeteken. Kenmerke van die Victoriaanse boustyl. 'n Interessante speurtog omdat baie historiese gegewens vernietig is in 'n brand by die munisipale kantore.

Nie net die huis nie, maar ook sy bewoners. Die meisiekind het pragtige stories gekry by ou en oudinwoners van Prins Albert.

**Swartberg Hotel**

Tanya Odendaal het dieselfde gedoen met die dorp se pragtige Swartberg Hotel, ook 'n nasionale gedenkwaardigheid. Volledig met foto's dokumente en bronnelys.

Nelma Marais het as onderwerp hul plaas Swartbult gekies. Ou kaarte, transportaktes, die geskiedenisse van ou huise op die plaas. Selfs 'n monster van die kalk wat vroeër jare op die plaas gebrand is.

Praktiese goed; relevant vir nou en vandag, en dus van nut vir die gemeenskap. Skoolkinders wat sulke werk doen, word mos outomaties bewaringsbewus, herken mos wat mooi is en geskiedkundig belangrik.

Sulke moeite doen kinders net as dit vir hulle lekker is. En dis onderwysers wat dit lekker maak, soos die geskiedenis-onderwyser, mnr. Pieter Möller. En ook die taalonderwyser, want sulke ryp Afrikaans kry jy selde by sesse en sewes.

'n Geselsie met die skoolhoof, mnr. Jannie van der Merwe, het die storie aangevul. "Die individualiteit van ons leerlinge is vir ons belangrik," sê hy. "Die ék het dit gedoen, en ék het tot dié gevolgtrekking gekom'.

"Jy moet die natuur- en skeikunde-projekte sien wat ons standerd neges elke jaar doen. Na aanleiding van een werkstuk het die Onderwysersentrum op Oudtshoorn 'n video van die projekte gemaak.

"Kind, Pa en Ma werk saam. Een het byvoorbeeld die chemiese samestelling van skaapwol en konynhaar vergelyk. Sintetiese en natuurlike kleuring met uieblare, roosmaryn en cochenille is vergelyk.

"'n Pa en sy dogter het saam 'n toestel gemaak van 'n masjien uit 'n ou yskas en skuurpapier om die slytvermoë van vesels te bepaal. Die vorming van skimmel op verskillende vesels is vergelyk. Ook die kreukeltraagheid van die vesels."

Hy lees wat 'n leerling geskryf het: "Hierdie werkstuk sal my altyd bybly en vir my 'n trots wees. 'n Trots omdat dit die eerste treetjie was wat ek gegee het in die rigting van gevorderde navorsing." Praat van motivering!

"Ons is werklik só trots op ons kinders," sê mnr. Van der Merwe. "Een van ons oud-leerlinge het sy doktorstesis opgedra aan die skool omdat hy hier gemotiveer is om navorsing te doen."

Dis mos nou wat jy heeltemal tereg 'n "elite"-skool kan noem. Die Hoërskool Zwartberg het net 192 leerlinge van Sub A tot matriek. Dis nie leerlinggetalle of skoolgeboue wat tel nie. Wat die leerlinge doen, laat 'n skool daardie titel verdien.

Vir stadsouers wat belang stel: Zwartberg het 'n koshuis, 'n gesonde klimaat, en pragtige natuur.